SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Anneke Viljoen

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters: [ ] **Doktoraal:** [ ] **Postdok:** [X]

Studierigting: Teologie, Ou Testamentiese studies

Titel van Artikels:
(En in watter Tydskrif gepubliseer)

Die verhouding tussen Ou-Testamentiese wenskap en Teologiese interpretasie van die Bybel: Handelinge 8:26–40 as gevallestudie gepubliseer in HTS Teologiese Studies/Theological Studies 73(1)a4496. https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4496

'n Hermeneutiek vir Teologiese interpretasie van die Bybel: Metodologiese besinning gepubliseer in HTS Teologiese Studies/Theological Studies 73(1), a4497. https://doi.org/10.4102/hts.v73i1.4497

Datum wanneer artikels gepubliseer is: 19 Jun 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Teologiese interpretasie van die Bybel bied 'n hermeneutiese verruiming waarbinne meer aspekte van die Bybelteks ondersoek en ontgin kan word. Veral aspekte van die teks wat in ooreenstemming is met die aard van die Bybelteks as Skrif van die kerk asook die illokusionêre krag van die teks. Die Bybel is 'n teologiese geskrif en wil lesers beweeg in terme van die teologiese perspektief van die teks. Na inleidende opmerkings ten opsigte van Teologiese interpretasie het drie vrae die nadenke rondom die definiëring daarvan begelei: eerstens, Waarom Teologiese interpretasie van die Bybel?; tweedens, Wat is Teologiese interpretasie van die Bybel nié?; en derdens, Wat ís Teologiese interpretasie van die Bybel? Laasgenoemde is ontgin aan die hand van 'n fokusteks, naamlik Handelinge 8:26–40 wat as 'n gevallestudie gedien het.